education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## AFRIKAANS TWEEDE ADDISIONELE TAAL (V3)

## MODELVRAESTEL

**PUNTE: 80**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye en 2 bylaes.**

**122 3 S**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings: AFDELING A, AFDELING B, AFDELING C en AFDELING D.
2. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING A.
3. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING B.
4. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING C.
5. Beantwoord EEN vraag uit AFDELING D.
6. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning en redigering wees.
7. Skryf netjies en leesbaar in blou of swart ink.
8. Dui die onderwerp van jou skryfstuk aan.
9. Trek 'n lyn na elke afdeling.
10. Punte word vir beplanning/redigering, taal/styl en inhoud toegeken.

## AFDELING A: KREATIEWE TEKS

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 100 - 150 woorde.
- Beplan jou skryfwerk en gee bewyse van beplanning en redigering.
- Dui jou finale produk/teks duidelik aan.

1. MY TOEKOMSDROME

Jy het 'n droom om iets in die toekoms te bereik. Skryf 'n OPSTEL daaroor.

Dink aan:

- Ø 'n Groot huis
- Ø 'n Goeie beroep
- Ø 'n Mooi kar
- Ø Genoeg geld
- Ø Hoe jy ander mense kan help
- Ø Met vakansie gaan (40)

**OF**

2. 'Toe ek my oë oopgemaak het, was ek op die hospitaalbed.'




Vertel in OPSTELVORM presies wat by die skool gebeur het dat jy uiteindelik in die hospitaal beland het.

Dink aan:

- Ø Wat gedurende die pouse gebeur het
- Ø Wie daar was
- Ø Hoe jy hospitaal toe geneem is
- Ø Wanneer jy huis toe gegaan het (40)


**OF**

3. Lees wat Leoni Fourie (29) in die tydskrif, *Vrouekeur*, 19 April 2002 gesê het oor:

***Misdaad in ons land***

'Daar is so baie misdaad in die land omdat mense nie meer omgee nie. Dit is asof mense nie meer 'n skeidslyn kan tref tussen wat reg en verkeerd is nie.'

Skryf 'n OPSTEL oor die onderwerp en maak gebruik van die gegewe prentjies en woorde.



[Uit: *Afrikaans Sonder Grense* - Graad 10]

WOORDE:

[moord; roof; geweld; kaping; verkragting; polisie; regering; armoede; wapen; werkloosheid] (40)

**OF**

4. GEEN SELFONE OP SKOOL NIE!

Vertel in OPSTELVORM hoekom leerders nie selfone skool toe mag bring nie.



Dink aan:

- Ø Waarom leerders selfone by die skool gebruik
- Ø Wat die probleme met die gebruik van selfone by die skool is
- Ø Watter aksie teen leerders geneem moet word wat oortree en wel selfone skool toe bring (40)

**OF**

5. Skryf 'n OPSTEL met die titel: *My held/heldin.*

Vertel waarom jy die persoon bewonder of watter invloed hy/sy op jou lewe het of gehad het.

Dink aan:

- Ø Karakter
- Ø Fisiese voorkoms
- Ø Optrede/dade (40)

**TOTAAL AFDELING A: 40**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

- Skryf 80 - 100 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Beplan jou skryfwerk en gee bewyse van beplanning en redigering.
- Dui die finale produk/teks duidelik aan.

1. Die volgende brief van 'n meisie wat oor haar stiefma kla, het in die tydskrif, *Huisgenoot*, 27 Junie 2002, verskyn. Lees dit aandagtig deur.

**Ons baklei elke dag**

Ek het onlangs sestien geword en is reeds die ma van 'n baba van sewe maande. Ek het dringend hulp nodig, want ek en my stiefma baklei onophoudelik.

Daar gaan nie 'n dag verby dat ons nie mekaar in die hare vlieg nie. Ek is lief vir haar, dit is asof sy my eie ma is. Elke keer as ons so te kere gaan, ly my pa daaronder. Hy het al genoeg seergekry in sy lewe.

Hoe kan ons ophou om so te baklei, want ons maak almal in die huis ongelukkig? Is dit normaal om so baie te baklei?

WIL NIE MEER NIE

Skryf vir haar 'n brief en gee vir haar raad oor:

- Ø Die belangrikheid van 'n goeie verhouding
- Ø Hoe die skool haar dalk kan help
- Ø Hoe belangrik haar toekoms is
- Ø Hoe om konflik te vermy of beter te bestuur (20)

**OF**

2. DIALOOG

Julle Lewensoriëntering-onderwyser het vir julle 'n projek vir huiswerk gegee. Julle moes in pare werk, daarom het jy na skool na jou maat se huis gegaan om die projek te doen. Jy het skoon vergeet om jou ma te laat weet dat jy laat sou wees. Jou ma was baie kwaad vir jou.



Skryf die gesprek tussen jou en jou ma in die antwoordeboek neer. Vul slegs die ontbrekende woorde in.

Ma : Hoekom kom jy so laat huis toe?

Jy : ......................................................................

Ma : Watse projek is dit?

Jy : ......................................................................

Ma : Hoekom het jy ons nie laat weet nie?

Jy : ......................................................................

Ma : Hoekom het jy nie die publieke telefoon gebruik nie?

Jy : ......................................................................

Ma : Jy is gelukkig jong, die poppe sou gedans het!

Jy : ......................................................................

Ma : Nee, jong, ek het nie vir jou poppe gekoop nie.

Jy : ......................................................................

Ma : Ek bedoel jy sou 'n pakslae gekry het.
Moenie weer laat tuis kom nie, hoor!

Jy : ...................................................................... (20)

**OF**

3. FORMELE TOESPRAAK

Jy word as die verteenwoordiger van jou Graad 10-klas gekies om 'n toespraak by die afskeidspartytjie wat julle vir julle klasonderwyser/onderwyseres gereël het, te hou. Skryf die toespraak neer.

Dink aan:

- Ø Hoe om hom/haar vir alles wat hy/sy gedoen het en vir julle beteken het, te bedank
- Ø Wat julle alles by hom/haar geleer het
- Ø Goeie wense vir sy/haar loopbaan verder (20)

**TOTAAL AFDELING B: 20**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

- Kies EEN van die volgende drie onderwerpe en skryf 50 - 100 woorde daaroor.
- Beplan jou skryfwerk en gee bewyse van beplanning en redigering.
- Dui die finale produk/teks duidelik aan.

1. Ontwerp 'n kort en eenvoudige ADVERTENSIE waarin jy die jongste selfoon adverteer. Dui aan wat die spesiale kenmerke van die selfoon is. Verwys na die maatskappy wat die selfoon maak, asook die tipe foon.

   Dink aan:

   Ø Watter gratis voordele aangebied word
   Ø Die unieke kenmerke van die foon
   Ø Die koste (aankoop en maandelikse koste)
   Ø Waarom dit die beste foon is (10)

**OF**

2. KAARTJIE

   Een van die kinders wat in jou omgewing woon, het sy/haar ma verloor as gevolg van MIV/Vigs. Maak 'n kaartjie waarin jy hom/haar troos.

   Dink aan:

   Ø Hoe om die kaartjie te versier
   Ø Trooswoorde om te gebruik: Jammer; liefde; sterkte; verlies (10)

**OF**

3. FAKS

   Stuur 'n faks aan *Musica*, 'n musiekmaatskappy, en vra hulle om vir jou 'n lys oor hul nuutste CD's met pryse vir jou te stuur. Vul die aangehegte faksvorm aan die einde van die vraestel in en plaas dit in jou ANTWOORDEBOEK. (10)

**TOTAAL AFDELING C: 10**

## AFDELING D: MULTIMEDIA, VISUELE, NASLAAN EN INFORMATIEWE TEKSTE

- Kies EEN van die vier tekste en skryf 50 - 100 woorde daaroor.
- Beplan jou skryfwerk en gee bewyse van beplanning en redigering.
- Dui die finale produk/teks duidelik aan.

1. INVUL VAN 'n VORM: MOORDVERSLAGVORM

Toe jy en jou maat van die bioskoop afkom, het 'n onbekende man op julle afgestorm en julle met 'n mes aangeval. In die worsteling, het jy daarin geslaag om te ontvlug. Jy het by die naaste polisiekantoor die voorval gaan rapporteer en die polisie het hulle na die toneel gehaas. Julle het jou maat se lyk op die toneel gevind.

Vul die aangehegte moordverslagvorm in (laaste bladsy van die vraestel) en plaas dit in jou ANTWOORDEBOEK. (10)

**OF**

2. INSTRUKSIES

Lees die volgende instruksies oor 'Hoe om tee te maak' deur en rangskik hulle in die korrekte volgorde:

2.1 Roer met die teelepel.
2.2 Gooi die kookwater in die teepot.
2.3 Voeg suiker en/of melk by die tee.
2.4 Skakel die ketel aan.
2.5 Sit die koppies, suikerpot en melkbeker op die skinkbord.
2.6 Ontspan en geniet jou koppie tee.
2.7 As die water kook, spoel die teelepel met die kookwater af.
2.8 Plaas die teesakkie in die koppie. (10)

**OF**

4. AANWYSINGS

Jy bly in 'n groot stad en jou maat wil per taxi vir die eerste keer by jou huis kom kuier. Gee vir hom/haar aanwysings om by jou plek te kom. (10)

**OF**

5. 'n PLAKKAAT

Jy wil tieners in jou omgewing bewus maak van die noodsaaklikheid van omgewingsbewaring. Jy wil hê die tieners moet 'n drama oor die onderwerp opvoer gedurende hulle vryetyd.

Maak 'n plakkaat om jou planne bekend te stel.

Dink aan:

- Ø Die ontmoetingsplek, datum en tyd
- Ø Watter tipe mense moet deelneem
- Ø Benodigdhede (wat hulle moet saambring)

ONTHOU: Die plakkaat moet tieners se aandrag trek en die onderwerp duidelik bekend stel. (10)

**TOTAAL AFDELING D: 10**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou

*NAAM :* ..............................................................

*GRAAD :* ..............................................................

# FAKS

DATUM: ______________________________

FAKS AAN: ______________________________

FAKSNOMMER VAN ONTVANGER: ______________________________

FAKS VAN: ______________________________

ONDERWERP: ______________________________

AANTAL BLADSYE: ______________________________

## FAKSBOODSKAP

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________

______________________________ (10)

Kopiereg voorbehou

*NAAM* : ..............................................................................

*GRAAD* : ..............................................................................

**MOORDVERSLAGVORM** (Volooi en plaas in jou antwoordeboek.)

## MOORDVERSLAG

| | | |
|---|---|---|
| **Datum van moord** | **:** | ................................................................................................. |
| **Naam van die slagoffer** | **:** | ................................................................................................. |
| **Ouderdom** | **:** | ................................................................................................. |
| **Geslag** | **:** | ................................................................................................. |
| **Voorkoms** | **:** | ................................................................................................. |
| **Manier waarop moord gepleeg is** | **:** | ................................................................................................. |
| **Plek waar moord plaas-gevind het** | **:** | ................................................................................................. |
| **Verslag geskryf deur** | **:** | ................................................................................................. |
| **Adres** | **:** | ................................................................................................. |
| | | ................................................................................................. |
| | | ................................................................................................. |
| | | ................................................................................................. |
| **Kontaktelefoonnommer** | **:** | ................................................................................................. |
| **Geteken** | **:** | ................................................................................................. |
| **Datum** | **:** | ................................................................................................. (10) |

Kopiereg voorbehou